
HOOFSTUK 6

What the addressee does, upon hearing and understanding a tautologous utterance, is to say to himself, as it were: "There must be some reason for the speaker to tell me what he knows I know to be true. What can this reason be?" The addressee assumes, in default of any evidence to the contrary, that the speaker is not indulging in irrelevant platitudes.

Lyons (1977: 417)

SLOTBESKOUING

		Bladsy
6.1	INLEIDING	425
6.2	DOELSTELLINGS EN BEVINDINGE	426
6.3	REËLFORMULERING	433
6.4	VERDERE NAVORSINGSASPEKTE	434

6.1 INLEIDING

Semantiese herhaling is 'n baie algemene en kragtige linguistiese verskynsel wat voorkom op woord-, stuk- en sinsvlak, asook in stukke omvattende diskoers. Die elemente wat semantiese herhaling bewerkstellig is morfeme, leksikale items en kombinasies van sulke leksikale items. Aangesien semantiese herhaling nog nie ten opsigte van Afrikaans beskryf is nie, bestaan daar 'n behoefte aan die sistematisering en kategorisering van SH-materiaal.

Semantiese herhaling in die grammatika van Afrikaans is tydens hierdie studie noukeurig ondersoek en aan die hand van toepaslike voorbeeldmateriaal ontleed. In die loop van die volgende bespreking word aandag gegee aan:

- (1) die mate waarin daar aan die doelstellings van hoofstuk 1 voldoen is,
- (2) aan die bevindings wat die studie oplewer, en
- (3) aspekte wat in verdere navorsing aandag sou kon geniet.

Die hoofdoel van hierdie studie was om 'n omvattende en gesistematiseerde ondersoek uit te voer na semantiese herhaling as algemene en produktiewe linguistiese verskynsel in Afrikaans. Die volgende doelwitte is gevolglik as subonderwerpe gestel en nagevors:

- * om die bewering van die tradisionele grammatika dat semantiese herhaling by uitstek negatief is, te weerlê;
- * om die kompleksiteit van die verskynsel van semantiese herhaling na te vors;
- * om die semantiese relasies van semantiese herhaling na te gaan en te ontrafel, onder andere die relasie van betekenisgelykheid, -oorvleueling en -ooreenkoms tussen bepaalde morfeme, tussen elemente binne sinstukke en tussen sinsdele binne sinne;
- * om SH-voorbeeldmateriaal onder verskillende linguistiese hoofde in te deel;
- * om taalverskynsels soos analogie, kontaminasie, herhaling, redundansie, toutologie, pleonasme en stapelvorm uiteen te sit en te ontleed;
- * om aan te toon dat semantiese herhaling voorkom in sowel die skryf- as die spreektaal;
- * om die diskoersreëls wat geld ten opsigte van semantiese herhaling in spreek- en skryftaal, te poneer en toe te pas op gekose tekste;
- * om die navorsing uit te voer met die pragmatiek as linguistiese model, aangesien semantiese herhaling 'n verskynsel is wat hom manifesteer op taalgebruiksvlak;
- * om teoretiese begrippe soos onder andere diskoersanalise, stilistiek en retoriek te ondersoek om hulle in verband te bring met die voorbeeldmateriaal;
- * om aandag te gee aan stilistiese gradeerbaarheid.

6.2 DOELSTELLINGS EN BEVINDINGS

6.2.1 *Dit was die doel om in hoofstuk 1 onderwerptoe ligting te gee, 'n verskeidenheid voorbeelde wat verteenwoordigend is van die verskillende konstruksietipes waarbinne semantiese herhaling voorkom, te bespreek, en om die probleme met die tradisionele benadering te noem. Verder moes die kompleksiteit van semantiese herhaling kortliks gegee word, die probleem- en doelstelling geformuleer word, en 'n vooruitskouing van die navorsing gegee word.*

Reeds op hierdie stadium van die ondersoek was dit duidelik dat daar twee soorte SH-konstruksies onderskei moet word: (1) die SHNR-konstruksies wat semantiese herhalingselemente bevat wat nie redundant is nie en stilisties aanvaarbaar is, en (2) die SHR-konstruksies wat redundante semantiese herhalingselemente bevat en wat stilisties onaanvaarbaar is. Die SHNR-elemente vervul elkeen 'n spesifieke semantiese funksie en kan nie sonder betekenisverlies weggelaat word nie. SHR-inligting, daarenteen, is slegs daardie inligting wat weggelaat kan word uit 'n uiting sonder betekenisverlies ten opsigte van die oorgeblewe elemente van sodanige uiting.

6.2.2 *Dit was die doel om in hoofstuk 2 'n uiteensetting te gee van die beskouing van die tradisionele benadering ten opsigte van semantiese herhaling, en om daarna die belangrikste aspekte van die relasies van betekenissooreenkoms te bepaal en te bespreek.*

Uit die ontleding van die tradisionele beskouing oor semantiese herhaling het geblyk dat die argumente berus op die semantiese relasie van sinonimie, veral op gedeeltelike sinonimie (betekenisoorvleueling). Waar daar in die onderhawige navorsing besliste regverdiging vir die gebruik van SHNR gevind is, beskryf die tradisionele grammatici semantiese herhaling oor die algemeen as SHR. Gevolglik keur hulle hierdie konstruksies af.

Daar word onderskei tussen diachroniese (onder andere toutologiese) en sinchroniese (onder andere pleonastiese) elemente. Die diachroniese elemente is 'n geïnstitutionaliseerde deel van die betrokke leksikale items en is as sodanig aanvaarbaar. Die analogievorme op die voorgaande patroon word egter afgekeur as voorbeelde van swak taalgebruik. 'n Term soos stapelvorm is op sigself redundant aangesien dit net nog 'n term is waarmee dieselfde verskynsel, naamlik semantiese herhaling benoem word.

Die oorgrote hoeveelheid ander voorbeelde (die analogievorme) op sinchroniese vlak word ook afgekeur as synde verteenwoordigend van swak taalgebruik. Die tradisionele grammatici neem die primêre betekenis van die betrokke leksikale item as uitgangspunt en op grond daarvan is sodanige voorbeelde af te keur as 'n taalslordigheid. (Die voorbeelde word dan ook in isolasie beskou en nie kontekstueel nie.) Die sekondêre betekenis wat aanvaarbaar binne konteks is, word nie in ag geneem nie.

Hier en daar is wel erkenning in die bronne dat daar vorme is wat 'n 'aanwinst' is. Die tradisionele beskouing maak veral van voorbeelde op woord- en sinsvlak gebruik om hulle veroordeling van semantiese herhaling te lug.

In die tradisionele beskouing word die stilistiese en kontekstuele faktore wat ter sprake is ten opsigte van SH-konstruksies, nie voldoende verreken nie; slegs enkele bronne noem dat

semantiese herhaling aangewend kan word vanweë stilistiese redes. Daar word hoogstens verwys na die aanvaarbaarheid van sekere sodanige konstruksies binne literêre tekste. Daar word egter nie verwys na die belangrike rol wat semantiese herhaling as bindingsmiddel speel binne die teks as geheel nie. Die nodigheid en motiveerbaarheid in die gebruik van SH-konstruksies binne diskoers en teks word nie aangetoon nie.

Semantiese herhaling word nie op 'n strukturele wyse ontleed nie; sintaktiese groeperings soos adjektief + s.nw., adjektief + adjektief, s.nw. + s.nw., s.nw. + ww., ens. word nêrens genoem nie. Wat die betekenisrelasie tussen die twee sinoniemelemente is, word nie genoem/ontleed nie. Die rol wat seleksiebeperkings speel binne SH-konstruksies word nie aangetoon nie.

'n Kernaspek van al die verskynsels is semantiese herhaling/-oorvleueling, en dié het dus om 'n duidelike uiteensetting gevra. In die lig hiervan is daar in die res van hierdie hoofstuk aandag gegee aan die verskillende betekenisrelasies wat ter sprake is in hierdie SH-studie.

Dit blyk dat semantiese herhaling te doen het met semanties konseptuele oorvleueling. Dit kom neer op die verbreking van die ekonomiebeginsel. Die kragtige ekonomiebeginsel wat teenoor semantiese herhaling staan, het tot gevolg dat ellips, skrapping, vervanging en anaforiek sinvol aangewend word in taalgebruik. Semantiese herhaling word weer toegepas omdat die gebruikers SH-reëls toepas om 'n bepaalde doel te bereik.

Die tradisionele beskrywing van semantiese herhaling handel meestal oor die stilistiese onaanvaarbaarheid van elemente wat semanties herhalend is. In min gevalle word aandag of erkenning gegee aan die positiewe bydrae wat semantiese herhaling lewer tot die gesprekstilistiek en nie net as literêre stylmiddel nie.

'n Aantal paradigmatische betekenisrelasies waarvan semantiese herhaling die kernpunt vorm, is in hierdie hoofstuk bespreek (vergelyk konseptuele oorvleueling). Onder sinonimie (wat 'n subgeval van betekenisoorvleueling vorm) word volkome en gedeeltelike sinonimie onderskei. Die betekenisrelasie wat in SH-konstruksies tussen element A en B bestaan, kom voortdurend onder die soeklig. In die enkele gevalle van volkome sinonimie word die struktuur ($A = B$) gebruik. In die meerderheid gevalle van gedeeltelike sinonimie word die struktuur ($A + B$) gebruik. Benewens sinonimie is polisemie (wat dui op die betekenisgeskakeerdheid/betekenisonderskeidinge van 'n bepaalde leksikale item) ondersoek. Hiponimie as 'n ander relasie ten opsigte waarvan semantiese herhaling geld, berus op eensydige implikasie tussen 'n superordinaat en sy hiponieme. Ten opsigte van die semantiese begrip gemerktheid word ongemerktheid en gemerktheid onderskei, met semantiese herhaling as oorgemerktheid.

Ten opsigte van die aanvaarbaarheid van SHNR-vorme geld die volgende algemene reël: semanties en vormlik/nie-vormlik identieke geïnstitusionele elemente en konstruksies word aanvaar. Hieronder ressorteer onder andere die volgende: diachroniese elemente (-er in eiers, -el in krummeltjie); toutologieë (walvis, rendier); duplikasie (pappapnat), triplikasie (pappappapnat) en kwadruplikasie (pappapsopwaternat); sinonieme Romeinse en Germaanse woorde (essensieel x noodsaaklik), en idiomatiese woordpare/konstruksies (wik en weeg, bibber en beef).

Ten opsigte van die onaanvaarbaarheid van SHR-vorme geld die volgende algemene waarnemings: redundante semantiese herhaling kom voor (1) wanneer 'n bepaalde geïnstitutionaliseerde herhalingspatroon nageboots word om op sinchroniese vlak 'n analoogvorm te skep (rooier x *rooierder, vangste x *vangstes) en (2) wanneer pleonasmes op sins- en stukvlak gevorm word (*skoolhoof van die skool, *die plaaslike boere van die omgewing).

Die rol van semantiese herhaling in die aanbieding van ou en nuwe inligting is nagegaan: semantiese herhaling het te doen met die herhaling van ou inligting. Semantiese herhaling word gebruik as semantiese oorreaksie op onvoldoende, onbevredigende inligting en bereik daardeur die volgende: meerduidigheid en vaagheid word opgehef; onvoldoende referenttoesegging word gebruik en in die geval van semanties onvoldoende inligting word semantiese uitbreiding gedoen. Hoewel die gespreksreëls van Grice en Leech oortree word, word die volgende bereik deur SH-konstruksies: verleen krag aan 'n uiting, versterk dit; verleen intensiteit; verleen semantiese klem; verleen affek; versag 'n uiting; probeer gehoor beïndruk.

6.2.3 *Dit was die doel van hoofstuk 3 om ondersoek uit te voer na semantiese herhaling op woordvlak.*

Al die voorbeelde van semantiese herhaling wat op woordvlak val, is per definisie komposita/komplekse. Die verskillende kategorieë word onderskei op grond van die sinonieme verband (volkome of gedeeltelik) wat bestaan tussen die elemente van sodanige SH-kompleks. Twee groot kategorieë, van komposita word onderskei waar semantiese herhaling ten opsigte van (1) affikse en (2) stamme voorkom.

Die semantiese relasies wat bestaan tussen element A en B binne 'n woord berus op algehele of gedeeltelike sinonimie. Diachroniese meervouds- en diminutiefelemente vorm só deel van die stamkomponent dat hulle nie meer as sodanig 'n semantiese funksie vervul nie; derhalwe word 'n sinchroniese morfeem met gelykwaardige semantiese waarde bygevoeg (hoender-+ -s, meisie-+ -tjie). Hierdie soort erkende patroonmatigheid gee aanleiding tot sinchronies analoë formasies wat op grond van fonologiese ooreenkoms ontstaan en mettertyd bevestig word (rokkie + tjie).

Die tradisionele verskynsel van iteratiewiteit word met behulp van 'n hele aantal semantiese herhalingsmeganismes uitgedruk; SH-duratiewe, SH-frekwentatiewe en SH-iteratiewe word onderskei. Die semantiese implikasie en die korrektheid van die tradisionele term reduplikasie word bevraagteken. In stede van reduplikasie word die terme duplikasie, triplikasie en kwadruplikasie gebruik. Die beperking van reduplikasie tot woordvlak word opgehef deur die gebruik van hierdie spesifieker verwysings: van woordvlak word duplikasie, ens. deurgevoer tot stuk- en dus sinsvlak.

Die belangrikste redes vir die gebruik van veral duplikasie is vir die bereiking van affek (byvoorbeeld 'n pragtige ou rokkietjie) en intensivering (byvoorbeeld skat-skatryk) op woordvlak. Veral ten opsigte van die toename in intensiteit speel gradering 'n baie belangrike rol.

6.2.4 *Dit was die doel van hoofstuk 4 om aandag te gee aan die groot hoeveelheid gevalle van semantiese herhaling wat voorkom op stuk- en sinsvlak.*

In 'n semantiese ontleding van die voorbeeldmateriaal is die reeds geïdentifiseerde SH-nosies (betekenisverwantskap en -oorvleueling gemanifesteer onder andere as sinonimie, hiponimie en polisemie) getoets.

Ten einde die massa inligting sinvol te sistematiseer, is die betrokke sintaktiese kategorieë geneem as riglyn. Ten opsigte van sintaktiese stukke is die volgende belangrike aspekte: (1) Die relevante konstruksietipe hoort tot 'n duidelike sinstuktype. (2) Die semantiek van elke stuk word bepaal deur sowel die sintaksis as die semantiek daarvan (en dan ook die groter konteks van die sin en teks waarvan dit deel is). (3) Woordorde, sintaktiese kategorie van lede en hiërargiese struktuur karakteriseer sinstukke as stukke van 'n bepaalde tipe (bv. NS + subtypes, AS en WS).

SH-konstruksies wat op sinsvlak voorkom, toon juis 'n ooraanbod van dieselfde semantiese inligting tussen naasmekaarliggende konstituente in 'n sinstuk. Daar is probeer bepaal in watter mate die semantiese herhaling van inligting redundant of akkommodeerbaar is binne 'n bepaalde konteks. Semantiese herhaling binne die NS is eerstens ondersoek. Semantiese herhaling kom voor tussen adjektief en adjektief, adjektief en s.nw., NS1 en NS2, s.nw. en sy betreklike konstruksie en konjunksies. Die tweede groot afdeling handel oor semantiese herhaling binne die WS wat voor kom tussen die s.nw. in NS1 en die hoofwerkwoord in die WS, tussen lede van woordpare (idiomaties en nie-idomaties), kopulakonstruksies, setselgroepe (in die lokatief-, vir- en wat-konstruksie). Die rol van semantiese herhaling in bepalings van tyd en afstand, in ontkenningssinne, asook tussen clause A en B, is ondersoek.

Terwyl die toutologie (as tradisionele taalverskynsel) in die vorige hoofstuk beskryf is, staan die pleonasme (as tradisionele taalverskynsel) op die voorgrond in hierdie hoofstuk. Die semantiese relasies wat binne hierdie SH-konstruksies geld, word in baie gevalle gevorm deur kontaminasie. Kontaminasie tree byvoorbeeld nie op in konstruksies soos *adj. + adj. of adj. + s.nw. nie*, maar wel oor sintaktiese stukgrense heen:

Hy het sy betoog *ten slotte afgesluit*

< Hy het sy betoog *afgesluit* + hy het *ten slotte* gesê dat

Die *gebeurtenis* gebeur

< Die *gebeurtenis* vind plaas + iets *gebeur*

Sinne soos die gebeurtenis gebeur is, soos die ander gevalle van semantiese herhaling, volkome grammatikaal; 'n stilistiese reël ten opsigte van fonologiese redundansie (wat nie duplikasie ter wille van intensivering is nie) dien hier as basis vir die oordeel dat die betrokke sinne vreemd of minder aanvaarbaar is. Klanklike herhaling wat die gevolg is van kontaminasie, ondervind oor die algemeen gebruikersweerstand.

Op stuk- en sinsvlak vind daar in talle gevalle kontaminasie plaas tussen semanties isoleerbare sinchroniese elemente. Hierdie soort kontaminasies kom aanvanklik as semanties redundant voor. Wanneer 'n betekenisanalise gedoen word, blyk dit dat die spreker met behulp van die kontaminasie van sinonieme elemente bepaalde, vir hom belangrike inligting

beklemtoon.

Sekere seleksiebeperkings wat element A en B binne die onderskeie SH-konstruksies mekaar oplê, is ondersoek. Die polisemiese geskakeerdheid van die kernelement A word afgestem deur die semantiese inhoud van element B, wat op sy beurt die verskeidenheid betekenisfasette van A reduceer tot 'n bepaalde betekenisaspek. Indien die s.nw. kohort alleen gebruik word, word daar na die bekender algemene betekenis "troepemag": [-getalsnorm] verwys. As die adjektief Romeinse gebruik word saam met kohort reduceer die adjektief die polisemiese variante van kohort tot "500 soldate": [+getalsnorm].

Die semantiese relasies wat bestaan tussen SH-elemente, word ondersoek. Die struktuur (A = B) geld in gevalle waar volkome betekenisoooreenkoms tussen (twee) elemente bestaan (die bepaler-kernverhouding bestaan nie in die (A = B)-gevalle nie. Die struktuur (A + B)/(B + A) geld in gevalle waar gedeeltelike betekenisoooreenkoms tussen twee elemente bestaan (hierdie soort semantiese relasie kom die meeste voor op stuk- en sinsvlak). Die bepaler-kernverhouding geld in sodanige gevalle. Redundante en nieredundante SH-konstruksies word onderskei. In sinstukke soos swanger, swanger vrou en swanger, verwagtede vrou is een van die semanties identieke adjektiewe redundant. In sinstukke onnosel, onnosel bobbejaan en onnosel, stupid bobbejaan is die semantiese identieke adjektiewe nieredundant en die semantiese herhaling bewerk intensivering.

Die rol wat vaagheid speel in die toepassing van A voed die neiging om 'n B-element (wat presiserend en semanties herhalend is) in te voer. Hoe vaer die betekenisinhoud en -toepassing van A is, hoe meer motivering is daar vir semantiese herhaling deur 'n bepaler wat met A kan oorvleuel, maar wat dit tog 'presiseer'.

6.2.5 Dit was die doel van hoofstuk 5 om semantiese herhaling binne die geheel van 'n omvattender teks/diskoers te ontleed.

Die rol wat semantiese herhaling in diskoers speel, word met behulp van diskoersanalise geïllustreer. Daar word uitgegaan van die standpunte van De Beaugrande en Dressler (1981) en dié van Brown en Yule (1986) oor die rol wat semantiese herhaling speel ten opsigte van binding en samehang in 'n teks.

Die gespreksreëls van Grice, Leech, en Sperber en Wilson word as riglyn gebruik in die bespreking van die diskoersreëls.

Ten eerste is daar aandag gegee aan die handhawing van die ekonomiebeginsel en daar is nagegaan in watter opsigte en om watter redes semantiese herhaling hierdie beginsel oortree. Die spreker oortree doeltbewus die ekonomiebeginsel wanneer hy gebruik maak van onder andere sinonieme inligting en betekenisverklaring (wat neerkom op betekenisoorvleueling en -herhaling) deur parafrasering en presisering van inligting. Die ekonomiebeginsel word veronagsaam in diskoers ter wille van suksesvolle oordrag van die boodskapinhoud. Die wyse waarop semantiese herhaling struktureel bewerkstellig word op morfologiese, stuk- en sinsvlak is reeds in hoofstuk 3 en 4 aangetoon. Op diskoersvlak kom die aanwending en doelbereiking van semantiese herhaling egter ten beste na vore, omdat langer tekste in die geheel beskou word.

Die tweede gespreksreël, naamlik dié van relevansie impliseer dat die spreker relevante inligting behoort te verstrek. Daar is egter omstandighede waaronder die spreker ook hierdie reël aanpas. Die aanwending van SH-konstruksies lei tot 'n ooraanbod van relevante inligting.

Die derde gespreksreël vereis dat die helderheidsbeginsel toegepas word. Hiermee word verwys na duidelike, eenduidige en spesifieke formulering. SH-konstruksies voldoen juis op 'n 'oordadige' manier hieraan, aangesien die spreker probeer om te/baie helder, te/baie duidelik te formuleer.

Nuwe inligting as relevante inligting word gestel teenoor semantiese herhaling wat neerkom op 'n herhaling van ou inligting. Semantiese herhaling word egter verantwoord onder bepaalde omstandighede, maar in sekere gevalle soos onder andere pleonasmes word onmotiveerbare, dus redundante inligting gelewer. In diskoers vind daar gereeld 'n ossilasie plaas tussen oor- en onderpresisering van relevante inligting.

Die belangrikste redes waarom SH-konstruksies gelewer word, is die volgende: (1) om meerduidelikheid op te hef; (2) om onvoldoende referenttoesegging op te hef; (3) om vaagheid op te hef, en (4) om op onvoldoende inligting uit te brei.

Die belangrikste funksies wat semantiese herhaling in diskoers is die volgende: dit verskerp die geheue, word aangewend ter wille van retoriek, gee opsommend inligting weer, en versterk argumentasie.

Tekstuele binding is van kardinale belang in 'n teks aangesien suksesvolle binding eenheid in 'n teks bewerkstellig. Binding vind plaas wanneer een element in die teks deur 'n ander element vertolk moet word.

Daar bestaan bepaalde tekstuele meganismes aan die hand waarvan tekstuele binding bewerkstellig word. Hierdie meganismes word met behulp van praktiese voorbeelde geïllustreer.

Die onderwerp/tema vloei logies voort uit die diskoerssituasie en die tema word op verskeie maniere uit die tema in die diskoers ingevoer. Tekssamehang word in 'n groot mate gerig deur tematiese progressie waarin semantiese herhaling 'n groot rol speel. 'n Tema kan ook sin na sin herhaal word in 'n teks.

Leksikale binding is die belangrikste wyse waarop semantiese herhaling gemanifesteer word in teks/diskoers. Semantiese of vormlik identieke herhaling kom voor in spreektaal, maar ook in skryftaal wanneer 'n bepaalde saak telkens herhaal word ter wille van beklemtoning. Betekenisrelasies, onder andere sinonimie en hiponimie is in hierdie opsig van belang. Gedeeltelike semantiese herhaling kom ook voor in diskoers. Parallelisme wat ter wille van intensiteit gebruik word, word aangetoon.

Die rol wat semantiese herhaling speel binne anaforiek, word bespreek. Deur middel van semantiese herhaling word onvoldoende referensiële inligting uitgebrei. Die anafoor as stylfiguur word gestel teenoor die epifoor. Semantiese herhaling tree ook op in nie-naamwoordelike anaforiek. Neweskikking en konjunksie speel 'n rol in tekstuele binding.

Metataal-/eenheidsmerkers is een van die bindende elemente in diskoers. Hierdie soort verbandlegging wat ook as die aanhaakmeganisme bekend staan, tree kenmerkend semanties herhalend op.

Die spreker het ook bepaalde herstellingstrategieë wat hy toepas om sy SHR-konstruksies te herstel; hierdeur probeer hy suksesvoller (of is dit keuriger?) oordrag bewerkstellig.

In 'n ontleding wat gedoen is van Jan Spies se **'n Poort deur die koue** het dit geblyk dat semantiese herhaling baie gestruktureerd en bepland toegepas in die onderhawige vertelling. Die verhaal is 'n weerspieëling van die kenmerkende trant van spreektaal.

Deur semantiese herhaling op so 'n deurlopende en gestruktureerde wyse in die vertelling te verweef, slaag die outeur uitmuntend daarin om teksbinding en -samehang te bereik. Die herhaling van identieke woorde, aanspreekvorme en ander gespreksfasette soos in die ontleding uiteengesit, lei tot ritme en harmonie in die aanbieding. Die leser word gewoonde gemaak aan 'n bepaalde patroonmatigheid; hierdie patroon word egter van tyd tot tyd verbreek deurdat afgewyk word van die verwagte sinonimie, fonologiese identiekheid, ens. Hierdie subtiele semantiese afwykings/wysigings kom in die vertelling voor as verrassingskonstruksies.

Uit hierdie teksontleding was die noue interaksie tussen informatiwiteit en semantiese herhaling, en die belangrike variasie in inligtingstruktuur (nadruk, fokus en perspektief) wat met behulp van die sintaktiesestruktuur-inkleding van identieke proposisies bereik word, baie duidelik.

Een van die probleme van die tradisionele benadering tot SH-verskynsels is dat dit tot enkele leksikale items of sintukke beperk is en aanvaarbaarheid en die funksionaliteit al dan nie as 'n kontekstuele veranderlike aangegee word. Die ontleding van SH-elemente in 'n omvattende (en goed gestruktureerde) diskoers toon egter die kompleksiteit van die interaksie tussen semantiese herhaling en informatiwiteit, tussen herhaling en binding, tussen herhaling en tematiese strukturering.

Die algemene stelling word gemaak dat semantiese herhaling aanvaarbaar is as dit funksioneel is, en dit is veral funksioneel wanneer nadruk en intensivering beoog word. Hierdie analise van **'n Poort deur die koue** toon juis die kompleksiteit van funksionaliteit en aanvaarbaarheid.

6.3 REËLFORMULERING

Die volgende is van die algemene welgevormdheidsreëls wat vir SH-konstruksies geponeer word in hierdie studie:

- 'n Diachroniese element (B) wat volkome sinoniem is aan 'n sinchroniese element (A) binne dieselfde woord of sinstuk, is semanties aanvaarbaar.
- Duplikasie (ook triplikasie en kwadruplikasie) is 'n erkende SH-patroon wat semanties aanvaarbaar is in gevalle waar beklemtoning en intensivering ter sprake is. Sommige van die duplikasievorme is geïdiomatiseerde vorme wat as semantiese geheel 'n ander betekenis as die enkelwoord het (bv. lag-lag, nou-nou).
- Indien twee semanties identieke elemente 'n SH-konstruksie vorm (morfologies of sintakties) waarvan een van die lede 'n Romaanse vorm en die ander 'n Germaanse vorm is, lei die besondere onderlinge semantiese verdraagsaamheid tussen hulle tot aanvaarbare kontaminasie.
- Vormlik identieke elemente in 'n SH-konstruksie ondervind sprekersweerstand indien sodanige konstruksie 'n pleonasme (kontaminasie) is, maar word aanvaar indien sodanige konstruksie 'n duplikasie (of variante) bevat ter wille van semantiese intensivering.
- semanties en vormlik/nie-vormlik identieke geïnstitusionele elemente en konstruksies word aanvaar as synde nieredundante semantiese herhalingsvorme. Hieronder ressorteer onder andere die volgende:
 - * diachroniese elemente in samehang met sinonieme sinchroniese elemente (woordvlak)
 - * toutologieë (woordvlak)
 - * duplikasie, triplikasie en kwadruplikasie as kragtige manier om te intensiveer (woord- en sinsvlak)
 - * sinonieme romaanse en germaanse elemente (woord- en sinsvlak)
 - * idiomatiese woordpare/konstruksies (sinsvlak)

In die geval van redundante semantiese herhaling dien die herhaling geen doel nie. Redundante semantiese herhaling kom voor:

- * wanneer 'n bepaalde geïnstitusionele herhalingspatroon nageboots word om op sinchroniese vlak

- 'n analoogvorm te skep (dikwels is hierdie analoogvorm 'n kontaminasie van semanties oorvleuelende elemente wat nie onder die voorgaande SHNR-kategorieë ressorteer nie), of
- * wanneer pleonasmes op sins- en stukvlak gevorm word.

Semantiese herhaling word baie doeltreffend toegepas ten einde bepaalde semantiese inprenting te doen. Indien die spreker daaraan twyfel of die hoorder/gehoor die boodskap verstaan, wend hy sekere SH-strategieë aan om te probeer verseker dat die gewenste oordrag geskied. Deur SH-elemente te gebruik, bereik die spreker die volgende belangrike doelwitte:

- * verleen krag aan 'n uiting en versterk dit;
- * verleen intensiteit ('n toename in die aantal SH-elemente verhoog intensiteit; daar bestaan egter 'n beperking ten opsigte van die aantal semanties identieke elemente, vormlik identiek of vormlik nie-identiek - weens menslike kognitiewe beperkings is daar 'n lengtebeperking wat SH-konstruksies opgelê word);
- * verleen semantiese klem;
- * verleen affek;
- * versag 'n uiting;
- * beïndruk die gehoor, en
- * verminder en/of hef semantiese vaagheid en meerduidigheid op.

6.4 VERDERE NAVORSINGSASPEKTE

Navorsing oor 'n bepaalde onderwerp is nooit werklik afgehandel nie. Dit geld ook hierdie studie. Oor onder andere die volgende aspekte kan daar verdere navorsing gedoen word:

- *Die rol wat klanklike herhaling speel in Afrikaans.*
- *Die rol wat die mens se kognitiewe vermoë en/of beperkings speel ten opsigte van die aanwending van SH-konstruksies.*
- *Die verskille en/of ooreenkomste tussen kindertaal- en volwassetaal-aanwending van semantiese herhaling.*
- *Die rol wat semantiese herhaling speel in kinderliteratuur.*

BYLAAG A

'n Poort deur die koue

(Jan Spies, 1987)

'n Poort deur die koue

(*ter nagedagtenis: Johnny Rose*)

Vroeër dae was daar op Keimoes 'n sersant Jôn timer Louw wat die arm van die gereg baie ver moes uitstrek om te kon bykom tot by die uithoeke van die yslike gebied wat onder sy gesag geval het. En wat dit vir hom glad nie maklik gemaak het nie, was dat sy vinnigste ryding bloot sy perd was; dit was lank voor die dae van polisiemotors.

Onder dié omstandighede kry hy laat een namiddag berig van 'n moord op Kenhardt. En hy moet dringend soontoe om die saak te ondersoek.

En sersant Louw vertel dit was net mooi in die middel van een van die bitterste winters wat daardie geweste kon beleef het. En hy sou dwarsdeur die nag moes ry om die anderdagmôre op Kenhardt te wees.

Hy maak toe gou klaar en teen die koue van die nag koop hy 'n bottel brandewyn en steek dit in die saalsak.

En met nog so 'n stukkier son val hy in die pad.

Maar sommer vroe-aand is dit al so koud dat sy tande kletter.

En hy hou stil en hy klim van die perd af en rek so bietjie litte en haal die bottel uit die saalsak.

Maar net wat hy die bottel wou oopmaak, hoor hy iets met die pad aankom. En hy luister, en hy hoor dat dit ook 'n pêrruiter is. En hy druk die bottel trug in die saalsak, en nie lank nie, of die ander reisiger word duidelik in die skemerdonker.

Van die grond af groet Jôn timer Louw: "Naand, vriend; ek is sersant Jôn timer Louw van Keimoes."

Die donker gedaante op die ander perd groet terug met 'n ouerige stem: "Naand, Sersant. Ek is pater Hoeflies, en ek hoef seker nie by te sê: 'van Keimoes' nie."

"Nou ja, ek is op pad Kenhardt toe om 'n moord te ondersoek," sê sersant Jôn timer Louw. "Miskien is die geluk aan my kant, sodat ek môre die moordenaar kan vastrek. Sonuit wil ek aan die werk spring."

"Ek is ook op pad Kenhardt toe," sê pater Hoeflies. "Oor dieselfde moord; ek moet die vermoorde gaan begrawe."

En daar ry hulle twee toe saam – die dienaar van die gereg en die dienaar van die geregtigheid.

Maar vir sersant Jôn timer Louw verloop die eerste ent van die reis met gemengde gevoelens. Die pater gesels lekker en dit maak die nag korter. Maar die bottel brandewyn sit net skuins agter hy wat Jôn timer Louw is, se regterboud, onbereikbaar ver weens die pater se teenwoordigheid.

Hy is baie bly, sê pater Hoeflies, dat sersant Louw vir hom gewag het, toe hy hom agter in die pad hoor aankom het. Want die pad Kenhardt toe was vir hom nog altyd 'n eensame pad.

Dit laat hom dink, sê hy, aan die pad van Jerusalem na Gasa, waarop Filippus by die hofdienaar van Ethiopië uitgekom het. Dit is 'n eensame pad, staan daar geskrywe.

Dit kon net sowel die pad tussen Keimoes en Kenhardt gewees het, as dit van die eensaamheid moes afhang, sê pater Hoeflies.

Ja, sê sersant Jôn timer Louw, die pad tussen Jerusalem en Gasa ken hy nie, maar die een tussen Keimoes en Kenhardt is so eensaam lat hy éénsaam is. Daaroor kan daar sowaar, indien nie wragtag nie, geen twyfel wees nie.

“Ja,” sê pater Hoeflies, “teen die eensaamheid het ons vannag darem mekaar se geselskap. Maar nou is die pad, pleks van eensaam, so uitermate koud.”

Dis toe die pater van die koue praat, het sersant Jôn timer Louw agterna vertel, dat dit hom voel of sy weerstand teen die koue heeltemal knak.

Sy keel brand en die klamte aan sy neus is pure ys en sy bene is van sy knieë af mordsdood dwarsdeur die rybroek se pype en deur die kamaste, en sy voete is so dood dat dit vir hom smaak of hy met twee sementstene in die stiebeuels trap.

En dit was tóe dat sersant Jôn timer Louw uit die kloue van die bevriesing só smag na 'n paar slukke brandewyn, dat sy vrees oor wat die pater dalk mag sê, 'n nietigheid word.

“Pater, ek weet nie wat Pater daarvan sal dink nie, maar ek het 'n botteltjie brandewyn teen die koue in my saalsak gesteek.”

“Hét jy?” vra pater Hoeflies opgewonde. “Brandewyn is nét die regte ding teen hierdie koue. Maak oop; net 'n paar slukke is genoeg om 'n man weer vir 'n ruk op die perd te hou.”

En sersant Jôn timer Louw trek die bottel aan sy nek uit die saalsak en hy draai die prop af en hy gee die bottel vir pater Hoeflies aan.

En pater Hoeflies gee 'n sluk of twee en hy gee die bottel terug, en sersant Jôn timer Louw gee 'n sluk of drie en hy draai die prop op en steek die bottel behoedsaam in die saalsak terug.

En sersant Jôn timer Louw vertel daar kom toe sommer weer gevoeltes in sy lyf; dit smaak sommer direk met die brandewyn se warm grondvat in sy maag of sy hart weer die bloed tot in sy voete gepomp kry.

En hulle ry en die gesels kry van voor af smaak.

Maar die lekkerte het nie waffer lank aangehou nie.

Dit was sommer eensklaps weer koud – so asof die koue die ou brandewyntjies heeltemal laat verslaan het, vertel sersant Louw.

En hy sê: "Pater, dit voel my ek het al weer iets uit die bottel nodig."

Dit voel vir hom ook hy het weer behoefte aan 'n bietjie ekstra hitte, sê pater Hoeflies.

En sersant Jôn timer Louw trek die bottel uit die saalsak en hy draai die prop af en hy gee in die donker vir die pater kans om 'n sluk of drie te gee, en hy wat Jôn timer Louw is, vertel hy gee toe self so 'n sluk of vier aan die bottel voor hy die prop opdraai en die bottel by die saalsak se bek indruk.

En hulle gesels. En hulle gesels. Want dis of die winter 'n tree agteruit gee.

Maar nie vir te lank nie, of dit smaak of die koue met nuwe mening in die lywe opslaan van die voete se kant af.

En sersant Jôn timer Louw sê vir pater Hoeflies hy sal moet verskoon, maar dit voel vir hom of hy op twee stukke doodgespuite tandvleis sit – so koud is sy stêre. Hy dink hulle moet weer 'n slag die bottel nader kry.

En pater Hoeflies sê dit smaak vir hom ook of hy op 'n stuk lyf sit wat kant en klaar afgesterwe het.

En sersant Jôn timer Louw kry die bottel in die hande en hy draai die prop af en hy gee aan, dat die pater homself na behoefte kan laaf.

En hy vertel: Die pater gee toe so 'n sluk of vyf, ses aan die bottel, en hy self help hom met 'n sluk of ses, sewe.

En hy sorg dat die bottel die veiligheid van die saalsak bereik.

"Een ding moet jy van brandewyn en koue leer," sê pater Hoeflies vir sersant Louw, "as jy jouself eenmaal warm gekry het, moet jy sorg dat jy warm bly, of jy draai op die randjie van verkleum om."

"Ek het hoeka dié idee gekry, Pater," sê sersant Jôn timer Louw.

En hulle vergeet van die koue en die brandewyn, en hulle ry en gesels 'n gat in nog 'n stuk van die nag in.

En hulle bly vind mekaar wónderlik met als waaroor hulle gesels, vertel sersant Jôn timer Louw.

Hy moet verskoon, sê die sersant later vir die pater, maar hulle sal eers 'n slag moet stilhou; dit smaak vir hom die koue slaan op sy blaas.

Dit smaak vir hom ook die koue begin dwing hom grond toe, sê die pater.

En hulle hou stil en hulle klim af, en hulle staan langs die perde, en in die sterlig sien hy, vertel sersant Jôn timer Louw later, hoe die pater met sy ander hand aan die saal vashou.

En daar op die vaste aarde maak hulle die bottel leeg en sersant Louw gooi hom in die donkerte in van die pad af weg.

En hulle sit voet in die stiebeuel en hulle gryp die pad en hulle gesels.

En sersant Jôn timer Louw sê vir die pater die nag is vir hom so wonderlik mooi.

En die pater sê die nag is vir hom net so wonderlik mooi.

En sersant Louw sê dit lyk vir hom elke ster het 'n stert.

En pater Hoeflies sê dit lyk vir hom ook elke ster het 'n stert.

En hulle gesels oor die sterre met die sterte.

En die pater sê hy dink net die ster van Betlehem was 'n groter ster met 'n groter stert.

En sersant Jôn timer Louw sê hy dink ook die ster van Betlehem was 'n groter ster met 'n groter stert.

En toe sê sersant Louw dit lyk vir hom die sterre se sterte krimp en die koue word groter.

En pater Hoeflies sê dit lyk vir hom ook of die sterre se sterte krimp met-die groter-word van die koue.

En later, so vertel sersant Louw, toe sien hy weer die sterre in al hulle helderte, maar toe voel hy ook die koue in al sy skerpste.

En hy sê vir pater Hoeflies hy dink hulle moet 'n ruk stilhou en eers 'n vuurtjie aanslaan.

"Nee," sê die pater, "ek het ander raat."

En hy vroetel in sy saalsak.

"Ek het óók 'n botteltjie vir die koue saamgebring!"

"Pater, Pater," sê sersant Jôn timer Louw, "ons ry dieselfde pad oor dieselfde moord en ons dink presies eners oor ons verwaarlosing in die koue."

"Ons dink presies eners oor ons verwaarlosing in die koue weens 'n ander man se moord," stem pater Hoeflies saam.

En sersant Louw vertel hy slaan toe nie eens meer ag op hoeveel slukke hy in vergelyking met die pater aan die bottel gee nie; hy sluk net. Want die warmte is min en die koue is groot.

En die pater doen insgelyks.

En hulle ry en hulle gesels.

En die pater sê hulle moet die hittetjie beskerm wat hulle het en hy trek die bottel uit vóór die koue nog sy krag kan wys.

En hulle gesels.

En sersant Louw sê vir pater Hoeflies dit lyk vir hom of die sterre se sterte weer aan die groei is.

En pater Hoeflies sê dit lyk vir hom ook of die sterre se sterte weer aan die groei is.

En hy trek weer die bottel uit sy saalsak.

En hulle máák hulle maak teen die koue.

En sersant Jôn timer Louw sê vir pater Hoeflies dit lyk vir hom die s-terre s-e s-terte s-it s-kuins onnertoe.

En pater Hoeflies sê dit lyk vir hom ook die s-terre s-e s-terte s-it s-kuins onnertoe, maar hy dink nog s-teeds die s-ter van Betlehem was groter en s-y s-terte s-kuinser en s-ommer baie langer.

En sersant Jôn timer Louw sê hy s-tem s-aam, die s-ter van Betlehem s-e s-terte was s-kuinser en s-ommer baie langer.

En pater Hoeflies laat gaan sy hand saalsak toe.

En hulle sorg dat die koue weerskant toe weggedruk bly soos die walle water van die Rooi See toe die Israeliete daar deur is. En die pad is 'n warm poort deur die koue tussen Keimoes en Kenhardt.

Dit lyk vir hom die s-sterre s-se s-sterre s-staan nou s-skiersregop s-soos s-stoks-stertmeerkaaie s-s'n, sê sersant Jôn timer Louw vir pater Hoeflies.

Dit lyk vir hom ook die s-sterre s-se s-sterre s-staan s-skiersregop s-soos s-stoks-stertmeerkaaie s-s'n, sê pater Hoeflies.

En toe begin die dag dofweg breek.

En die koudste koue van die nag maak mening.

En onder die perde se pote kraak die ryp.

En pater Hoeflies se hand sukkel om sy vasvat om die bottel se nek te kry.

En die dienaar van die geregtigheid en die dienaar van die geregtigheid knik vir mekaar en hulle deel die brandewyn wat in die bottel skommel.

En pater Hoeflies stoot die bottel rooidag-kant toe weg van die perd af.

"Lê daar, j-jou n-nutteloos-se k-krriuk," sê hy.

En die twee man ry. En hulle gesels.

En sersant Jôn timer Louw sê vir pater Hoeflies hy s-sweer die s-sterre h-het ook r-ryp oor gekry, want h-hulle iss v-vaal.

En pater Hoeflies sê ass s-sweer hom geoorloof wass, s-sou h-hy ook s-sweer dit het onners-stebo geryp, want d-die s-sterre iss assv-vaal.

En toe kom die son uit en Kenhardt lê reg voor die twee manne aan die einde van die pad waarvan daar nie baie gelykes is nie. Maar die twee is nog nie náby die einde van hulle gesels nie. Hulle práát.

En sersant Jôn timer Louw vertel: Toe hulle so al pratend Kenhardt inry deur die koue môre waarin die vaste lug elke woord ver dra, toe kom die mense uit hulle huise om te kyk watter yslike klomp luidrugtige vreemdelinge daar opdaag met 'n lawaai wat nie hóórt in 'n dorp waarin moord en begrafnis die geselskap is nie. "Maar daaraan steur ek en pater Hoeflies ons toe min," vertel sersant Jôn timer Louw, "want ons is toe so eie met mekaar – hy sê vir my 'Jôn timer' en ek sê vir hom 'Pappie'."

BYLAAG B

Krimpvarkie se boom wat kan praat

(Lucy Kincaid)

Kasper Krimpvarkie praat
graag.
Hy het baie om oor te praat.
Hy praat oor die blomme.
Hy praat oor die bome.
Hy praat oor die lug.
Hy praat oor dinge wat hy al
gedoen het.
Hy praat aanmekaar.
Hy hou net aan en aan met
praat.

Kasper Krimpvarkie tel 'n klip
op.
Daar is 'n gaatjie in die klip.
Hy wil graag oor die klip praat.
Hy sien Hansie Hamster.
Hansie Hamster spit in sy tuin.
“Ek wil jou van my klip vertel”,
sê Kasper Krimpvarkie.
Hansie Hamster is baie besig.
Hy wil nie ophou spit nie.
“Kom vertel my later”, sê
Hansie Hamster.

Kasper Krimpvarkie sien
Ottavia Otjie.

Ottavia Otjie is besig om te
was.

“Ek wil jou van my klip vertel”,
sê Kasper Krimpvarkie.

Ottavia Otjie is baie besig. Sy
wil nie ophou was nie.

“Kom vertel my later”, sê
Ottavia Otjie.

Kasper Krimpvarkie sien
Katinka Kuiken.

Katinka Kuiken maak huis
skoon.

“Ek wil jou van my klip vertel”,
sê Kasper Krimpvarkie.

Katinka Kuiken is baie besig.
Sy wil nie ophou huis
skoonmaak nie.

“Kom vertel my later”, sê
Katinka Kuiken.

Niemand wil na hom luister nie.
Almal is te besig.

Kasper Krimpvarkie sien 'n
boom.

“Ek wil jou van my klip vertel”,
sê Kasper Krimpvarkie.

Die boom is nie besig nie. Die
boom sê nie “vertel my later”
nie.

Daarom vertel Kasper
Krimpvarkie die boom van sy
klip.

“Ek sal al die bome vertel”, sê
Kasper Krimpvarkie.

Sy vriende sien hom met die
bome praat.

“Sal ons hom 'n streep trek?”
vra Hansie Hamster.

“Ja”, sê Ottavia Otjie.

Hansie Hamster kruip agter 'n boom weg.

Kasper Krimpvarkie praat met die boom.

“Ek wil jou van my klip vertel”, sê Kasper Krimpvarkie.

“Wat wil jy my vertel?” vra Hansie Hamster.

Kasper Krimpvarkie dink dit is die boom wat praat.

Kasper Krimpvarkie kyk oral rond. Hy moet iemand vertel van die boom wat kan praat.

Daar is niemand nie.

Hy vertel dit aan die volgende boom.

“Daardie boom daar kan praat”, sê hy.

Ottavia Otjie kruip agter die boom weg. “Ek kan ook praat”, sê Ottavia Otjie.

Kasper Krimpvarkie dink dit is die boom wat praat.

“Ek moet iemand vertel”, sê
Kasper Krimpvarkie.

Hy sien Katinka Kuiken. Hy
hardloop na haar toe.

“Kom saam met my”, sê hy.
Katinka Kuiken is besig. Sy vee
met haar besem. Sy wil nie
ophou vee nie.

“Kom saam met my”, sê
Kasper Krimpvarkie.
Katinka Kuiken moet maar
saamgaan.

“Daardie boom kan praat”, sê
Kasper Krimpvarkie.

“Bome kan mos nie praat nie”,
sê Katinka Kuiken.

“Sê tog iets, boom”, sê Kasper
Krimpvarkie.

Die boom sê niks.

“Ek gaan huis toe”, sê Katinka
Kuiken.

“Nee, wag”, sê Kasper
Krimpvarkie.

Kasper Krimpvarkie bring
Katinka Kuiken na die
volgende boom toe.

“Hierdie boom kan praat”, sê
hy. “Sê iets, boom.”

Die boom sê niks.

“Skeer jy die gek met my?”
vra Katinka Kuiken.

“Nee”, sê Kasper Krimpvarkie.
Hy skud sy kop. “Ek het dan
seker maar gedroom”, sê hy.

Klein Hansie Hamster skuil
agter die boom.

“Jy het nie gedroom nie”, sê
Hansie Hamster.

Kasper Krimpvarkie dink dit is
die boom wat praat.

“Ek het jou gesê bome kan
praat”, sê Kasper Krimpvarkie.
Katinka Kuiken weet bome kan
nie praat nie. Sy loop om die
boom.

Daar sien sy Hansie Hamster.

“Dit was Hansie Hamster”, sê
Katinka Kuiken.

“Ek het jou ’n streep getrek”,
sê Hansie Hamster.

Ottavia Otjie kom agter die
ander boom uit. “Ek het ook
met jou die gek geskeer”, sê
sy.

Kasper Krimpvarkie sê niks.
Hy weet net nie wat om te sê
nie.

BIBLIOGRAFIE

- AITCHISON, J. 1983. The articulate mammal. London: Hutchison & Co. (Publishers) Ltd.
- AKMAJIAN, A. e.a. 1984. Linguistics: an introduction to language and communication. Second edition. Massachusetts: The MIT Press
- AL, B.P.F. (ed.) 1981. Productiviteit in de morfologie. Muiderberg: Dick Coutinho
- BAIRD, A.C., F.H. KNOWER, S.L. BECKER. 1973. Essentials of general speech communication. New York: McGraw-Hill Book Co.
- BALLMER, T.T. & M. PINKAL (eds.) 1983. Approaching vagueness. North-Holland Linguistic Series. Amsterdam: Elsevier Science, B.V.
- BOLINGER, D. 1977. Neutrality, norm and bias. Bloomington: Indiana University Linguistics Club
- BORMAN, H.C. 1974 Selfstandigenaamwoordkombinasies in Afrikaans. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika
- BORMAN, J.G. 1971 Rasionele denke en logiese redenering. CMF/LEc/Lt 10) Voortrekkerhoogte: S.A. Lugmagkollege
- BOSHOFF, S.P.E. 1963. Radiopraatjies oor Afrikaans. Johannesburg: Voortrekkerpers
- BOTHA, J.P. 1986. "Indirekte voorwerp/mede-voorwerp versus pro-adjunk." Acta Academica.

-
- 1987. Afrikaanse sintaksis vir voorgraadse studente. Johannesburg: Lexicon Uitgewers

 - BOTHA, R.P. Form and meaning in word formation - a study of Afrikaans reduplication. Cambridge: Cambridge University Press

 - BOTHA, T.J.R. (red.) 1963. Taal en teken. Kaapstad: Human en Rousseau

 - (red.) 1989. Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde. Tweede, hersiene uitgawe. Pretoria: Academica

 - BRÉDART, S. 1991 "Word interruption of self-repairing". Journal of psycholinguistic research, Vol. 20, No. 2. Plenum Publishing Corporation

 - BRITISH NATIONAL CONSUMER COUNCIL. 1984. Plain English for Lawyers.

 - BROOKS, C. & R.P. WARREN. 1960. Understanding Poetry. New York: Rolt, Rinehart & Winston

 - BROWN, J. & G. YULE. 1986. Discourse analysis. Cambridge: Cambridge University Press

 - CARSTENS, A. 1992. "Kollokasies: vrye verbindings of lekseme?" S.A. Tydskrif vir Taalkunde. Volume 10(1)

 - 1992. "Metonimie, polisemie en die leksikografie" S.A. Tydskrif vir Taalkunde. Volume 10(3)

 - CARSTENS, W.A.M. 1978. "Anaforiese eilande in Afrikaans". Taalfasette 22, Deel 4

 - 1979. "Slap identiteit: 'n identiteitsprobleem" Taalfasette 26, Deel 2

- 1984. 'n Kontekstuele analise van Afrikaanse voornaamwoorde. Ongepubliseerde proefskrif. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch
- CHAPMAN, R. 1973. Linguistics and literature. London: Edward Arnold (Pty.) Ltd.
- CLARK, E.V. 1990. "On the pragmatics of contrast" (417-31) Journal of child language 17
- CLUVER, A.D. de V. 1967. Die nominalisering van werkwoorde in Afrikaans deur middel van die toevoeging van die suffiks -ing. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria
- COETZEE, A.E. 1987. "Morfologiese aspekte van stratumkenmerk in die Afrikaanse leksikon". S.A. Tydskrif vir Taalkunde. Jaargang 5, nr. 1
- COMBRINK, J.C. en J. OOSTHUIZEN. 1983. Taalvaardigheid. Potchefstroom: Pro Rege
- COMBRINK, J.G.H. 1990. Afrikaanse morfologie. Pretoria: Academica
- COOPER, E.J. 1976. A sociosemantic study of language about females. University Microfilms International. Michigan: Ann Arbor
- COULMAS, F. (ed.) 1981. Conversational routine. Rasmus Rask studies in pragmatic linguistics. Volume 2. The Hague: Mouton Publishers
- CRUSE, D.A. 1986. Lexical semantics. Cambridge: Cambridge University Press
- CRYSTAL, D. 1974. What is linguistics? London: Edward Arnold

-
- DAHL, O. (ed.) 1977. Logic, pragmatics and grammar. Lund: Student Litteratur
- DASCAL, M. & J. WROBLEWSKI. 1991. "The rational law-maker and the pragmatics of legal interpretation". Journal of Pragmatics 15. Holland: North-Elsevier Science Publishers.
- DE BEAUGRANDE, R. & W. DRESSLER. 1981. Introduction to text linguistics London: Longman
- DE KLERK, W.J. & F.A. PONELIS (reds.). 1975. Gedenkbundel H.J.J.M. van der Merwe. Pretoria: J.L. van Schaik
- DE KLERK, W.J. 1978. Inleiding tot die semantiek. Durban: Butterworth
- DE KLERK, W.J. 1978. "'n Voorveronderstelling is 'n voorveronderstelling." Uit De Klerk, W.J. en F.A. Ponelis, 1978
- DE VILLIERS, M. 1975. Die semantiek van Afrikaans. Kaapstad: HAUM
- 1978. Nederlands en Afrikaans. Kaapstad: Nasou Bpk.
- DE VITO, J.A. 1981. The elements of public speaking. New York: Harper & Row Publishers
- DE WET, A.S. 1988. "Vir beter begrip vir die vir-konstruksie in 'Fiela se kind' en vir die indirekte voorwerp" S.A. Tydskrif vir Taalkunde. Jaargang 6, nr. 1. Januarie 1988
- DU PLESSIS, H.G.W. 1972. Die deeltjiewerkwoord in Afrikaans. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria

-
- EASTMAN, R.M. 1984. Style - writing and reading as the discovery of outlook. Third edition. New York: Oxford University Press
- FEINAUER, A.E. 1987. Sinsvolgorde in Afrikaans. Ongepubliseerde proefskrif vir D.Litt. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch
- FERBER, R. 1991. "Slip of the tongue or slip of the ear? On the perception and transcription of naturalistic slips of the tongue". Journal of psycholinguistic Research. Vol. 20, No. 2.
- FIRTH, J.R. 1957. Papers in Linguistics. London: Oxford University Press
- FINER, D.L. 1985. "Reduplication and verbal morphology in Paluan". The Linguistic Review. Vol. 6
- FLETCHER, E. Manual of modern English. Sixth edition. Cape Town: Maskew Miller Ltd.
- FRASER, B. 1970. "Idioms within a transformational grammar". Foundations of Language. Vol. 6
- FOWLER, R. 1986. Linguistic criticism. Oxford: University Press
- GEORGE, F.H. 1964. Semantics. London: The English Universities Press Ltd.
- GOSSMAN, R.E. & L. JAMES SAN, T.J. VANCE (eds.) 1975. (April 17) Papers from the parasession of functionalism. Chicago: Chicago Linguistic Society
- GOYVAERTS, D.L. 1981. Aspekte van semantiese taalverandering. Gent: E. Story-Scientia

- GOWERS, E. 1985. The complete plain words. Aylesbury, Bucks: Hazell Watson & Viney Ltd.
- GRÄBE, I. 1984. Aspekte van poëtiese taalgebruik - teoretiese verkenning en toepassing. Potchefstroom: Dept. Sentrale publikasies, P.U. vir C.H.O.
- GRICE, H.P. "Utterer's meaning, sentence-meaning and word-meaning" Searle: 1971
- GUNTER, R. 1974. Sentences in dialog. Columbia: Hornbeam Press
- HARTEVELD, P. (red.) 1991 Lexikos. Afrilex-reeks 1. Stellenbosch, Buro van die WAT
- HIEMSTRA, L.W. 1980. Die juiste woord. Kaapstad: Tafelberg-uitgewers
- HUBBARD, E.H. 1989. Reference cohesion, conjunctive cohesion and relational coherence in student academic writing. Ongepubliseerde D.Litt. et Phil. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika
- HUGHEY, J.D. & A.W. JOHNSON. 1975. Speech communication. New York: Macmillan Publishing Co., Inc.
- JANSSEN, D. (red.) 1989. Zakelijke Communicatie Deel I. Groningen: Wolters-Noordhoff
- 1989. Zakelijke Communicatie Deel II. Groningen: Wolters-Noordhoff
- KEMPEN, W. 1965. "Die verbale hendiadis in Afrikaans". Dietse studies. Kaapstad: Academica

-
- KEMPEN, W. 1982. Samestelling, afleiding en woordsoortelike meerkunksionaliteit in Afrikaans. Goodwood: Nasou
- KEMPSON, R.M. 1977. Semantic theory. Cambridge: Cambridge University Press
- KIMBALL, J.P. 1973. The formal theory of grammar. Englewood Cliffs, New Jersey: Prentice-Hall Inc.
- KIMENYI, A. 1986. "Syntax and semantics of reduplication in Kinyarwanda - a semiotic account". La Linguistique. Vol 22. fax 2/1986
- KLOPPER, R.M. 1980. "Vir in Maleis-Afrikaans". Taalfasette 27, Deel 1
- KOCKS, D. 1951. Die verbale hendiadis in Afrikaans. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch
- KORSWAGEN, C.J.J. (red.) 1988 Drieluik mondelinge kommunikasie 1. Gids voor die tegniek van het doeltreffend spreek, presenteren en instrueren - unilaterale kommunikasie. Deventer: Van Loghum Slaterus
- KRUGER, P.A. 1971. Die relikbelasting in die Afrikaanse morfologie. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika
- LABUSCHAGNE, G.J. (samesteller) 1959. Feesbundel. Johannesburg: Dagbreek-Boekhandel
- LANDMAN, K.J.H. 1989. "Klankleer" AFS201-W Studiegids. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika

LAUBSCHER, A. 1978. Aspekte van die refleksiewe werkwoord in Afrikaans.
Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Stellenbosch:
Universiteit van Stellenbosch

LEECH, G. 1974. Semantics. Harmondsworth, Middlesex: Penguin
Books Ltd.

- 1983 Principles of Pragmatics. London: Longman

LE ROUX, J.J. 1949. Praatjies oor ons taal. Kaapstad: Nasou

LE ROUX, T.H. & J.J. LE ROUX. 1967. Middel nederlandse grammatika.
Pretoria: J.L. van Schaik

LIEBENBERG, H.C. 1984. "Die allerinteressantste vergelykingstrap -
enkele sintakties-semantiese aspekte van die
adjektiefintensief" Sinclair: 1983

- 1985. Trippe, trappe, patrone. Pretoria:
Daan Retief Uitgewers

- 1991. "Afrikaanse segskuns uit die natuur"
Tydskrif vir Letterkunde. XXIX: 4.

LINDENBERG, E. (red.) 1965. Dietse studies. Kaapstad: Academica

LIPSCHUTZ, S. 1964. Theory and problems of set theory and related
topics. Schaum's outline series. New York:
McGraw-Hill

LLÉO, C. 1990 "Homonymy and reduplication: on the extended
availability of two strategies in phonological
acquisition" Journal of Child Language. Vol. 17

LYONS, J. 1969. Introduction to theoretical linguistics.
Cambridge: Cambridge University Press

-
- 1977. Semantics Volume II. Cambridge: Cambridge University Press
 - 1978. Semantics Volume I. Cambridge: Cambridge University Press
 - 1990. Language and linguistics - an introduction. Cambridge: Cambridge University Press
- MAKKAI, A. 1972. Idiom structure in English. The Hague: Mouton
- 1987. "Idiomaticity and phraseology in post-chomskian linguistics: the coming-of-age of semantics beyond the sentence" Semiotica 64-1/2
- MALKIEL, Y. 1959. "Studies in irreversible binomials" Lingua 8
Amsterdam
- MEIRING, B.A. 1985. Vaagheid - 'n semantiese probleem.
Ongepubliseerde D.Litt. et Phil.,
Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika
- MEYER, R. & J.C. PAUW. 1972. First steps in logic. Pretoria:
Academica
- MEY, J.L. 1989. Valentie en interferentie in morfologie en Discourse.
Journal of Pragmatics 13. North-Holland: Elsevier
Science Publishers
- MITCHELL, D. 1967. An introduction to logic. London:
Hutchinson Library
- MITCHELL, R. 1984. The leaning tower of Babel. Boston/Toronto:
Little, Brown and Co.

- MUELLER, R.A.G. & R.W. GIBBS 1987 "Processing idioms with multiple meanings" Journal of Psycholinguistic Research Vol. 16, no. 1
- NEWMAN, E. 1976. A civil tongue. New York: Bobbs-Merrill Co.
- ODENDAL, F.F. Oor die aanspreekvorme in Afrikaans. De Klerk, W.J. en F.A. Ponelis, 1975.
- PANDER MAAT, H.L.W. 1991. "Teksanalysesisteme: een oriëntatie vanuit taalbeheersingsperspektief". Tijdschrift voor Taalbeheersing 13, No. 1.
- PAUW, R. 1985. Die kindervers in Afrikaans. Ongepubliseerde proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria
- PEASE, A. & A. GARNER. 1986. Praattaal. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Beperk
- PONELIS, F.A. 1968. Grondtrekke van die Afrikaanse sintaksis. Pretoria: J.L. van Schaik
- PONELIS, F.A. 1979. Afrikaanse sintaksis. Pretoria: J.L. van Schaik
- PRETORIUS, B.F.D. 1965. Klemtoon en ontvoogding van die herhalings=voorvoegsel her- Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika
- PRINSLOO, S.M.C. 1986. "Vertellingseilande in die struktuur van mondelinge vertelling". S.A. Tydskrif vir Taalkunde. Vol. 4, nr. 1
- PRIDEAUX, G.D. 1991 "Syntactic form and textual rhetoric: the cognitive basis for certain pragmatic principles" Journal of Pragmatics. Vol. 6

-
- READER'S DIGEST. 1971. Use the right word. London: The reader's Digest
- REAGAN, R.T. 1987. "The syntax of English idioms: can the dog be put on?" Journal of Psycholinguistic Research. Vol. 16, no. 5
- RETIEF, R. 1988. "Verskoon my, maar bedoel u nou?" S.A. Tydskrif vir Taalkunde. Jaargang 6, No. 2
- ROSSOUW, P.J. e.a. Die lewende taal. Sesde druk. Kaapstad: Juta en Kie.
- SAPIR, E. 1971. Language - an introduction in the study of speech. London: Rupert Hart-Davis
- SCHOLTZ, H. v.d. M. Taal en taalverskynsels. Agste druk. Kaapstad: Nasou Beperk
- SCHOLTZ, J. du P. Afrikaans uit die vroeë tyd. Kaapstad: Nasou
- 1963. Taalhistoriese opstelle. Pretoria: J.L. van Schaik
- SCHULTINK, H. 1962. De morfologische valentie van het ongelede adjectief in modern Nederlands. Den Haag: Van Goor Zonen
- SCHUTTE, F. 1977. Sinonimiese skynkongruensie in Afrikaans. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika
- SCHWERDTFEGER, A-M. 1980. Lokatiewe konstruksies in Afrikaans. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika
- 1986. Meerduidigheid in Afrikaans. Ongepubliseerde proefskrif. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika

-
- SEARLE, J.R. 1971. The philosophy of language. London: Oxford University Press
- SENEKAL, H.E.J., F.A. PONELIS & W.J. DE KLERK. 1972. Die patroon van Afrikaans. Johannesburg: Afrikaanse Pers-boekhandel
- SINCLAIR, M. & W.K. WINKLER 1991 "Relevance theory" Spil Plus 18 Dept. of General Linguistics. Stellenbosch: University of Stellenbosch
- SINCLAIR, M. 1992. "Verpligte iteratiwiteit in Afrikaans: Die rol van beginsels van konseptuele welgevormdheid". S.A. Tydskrif vir Taalkunde. Volume 10(3)
- SMITH, J.J. 1962. Op ons taalakker. Pretoria: J.L. van Schaik
- SPENDER, D. 1985. Man made language. London: Routledge and Kegan Paul
- SPERBER, D. & D. WILSON. 1986. Relevance - communication and cognition. Oxford: Basil Blackwell Ltd.
- STEENBERG, D.H. 1991. "Moontlikhede vir die storieverteller". Tydskrif vir letterkunde. XXIX: 2, Mei 1991
- STEYN, J.C. 1969. Semantiese klasse. Taalfasette 8. Pretoria: J.L. van Schaik
- 1970 "Die mentalisme van 'n anti-mentalis"
Taalfasette 12. Pretoria: J.L. van Schaik
- 1976 "'n Paar sintaktiese onvasthede in Afrikaans"
Taalfasette 20. Deel 3
- SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS. 1963. Taalkundige opstelle van oud-studente aan prof. dr. T.H. le Roux. Kaapstad

-
- TAYLOR, J.R. 1992. "A problem with synonyms (and a way to a solution)". S.A. Journal of Linguistics 10(2).
- TSOHATZIDIS, S.L. (ed.) "Meanings and proto-types" Studies in linguistic categorization. London: Routledge
- VAN AARDT, J.H.M. 1976. 'n Vertolking van die Afrikaanse taalAtlas. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
- VAN DER MERWE, C.P. 1967. "Clichés". Klasgids, November
- VAN DER MERWE, G.S. 1989. "Stopelemente in Afrikaanse gesprekstaal", Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde 7 (2). The Natal Witness (Pty) Ltd.
- 1991. Volgstuk: Gambiete (uitgedeel tydens LVSA-kongreslesing)
- VAN DER MERWE, H.J.J.M. (red.) 1966. Inleiding tot die taalkunde. Pretoria: J.L. van Schaik Bpk.
- VAN DER MERWE, H.J.J.M. 1967. Die korrekte woord. Pretoria: J.L. van Schaik
- VAN DER MERWE, H.J.J.M. 1968. Afrikaans - sy aard en ontwikkeling. Pretoria: J.L. van Schaik
- VAN DER MERWE, H.J.J.M. (red.) 1969. Inleiding tot die taalkunde. Pretoria: J.L. van Schaik
- VAN DER MERWE, H.J.J.M. & F.A. PONELIS. 1982. Die korrekte woord. Pretoria: J.L. van Schaik
- VAN DYK, T.J. 1988. "Die plek van die Pragmatiek binne die Linguistiek" S.A. Tydskrif vir Taalkunde. Jaargang 6, vol. 2,

-
- 1992 "Pragmatiek, Ief Vershueren en IPrA"
S.A. Tydskrif vir Taalkunde. Vol. 10 (1)
 - VAN HOGEN, R. 1991 Formuleren. Groningen: Wolters-Noordhoff
 - VAN JAARSVELD, G.J. 1981. Semantiese seleksie in Afrikaans - die adjektief plus naamwoord. Ongepubliseerde doktorsale proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die O.V.S.
 - (samesteller) 1987 Wat bedoel jy?
Pretoria: Serva-Uitgewers
 - VAN LOEY, A. (red.) 1970. Schönfelds historiese grammatica van het Nederlands. Agste druk. Zutphen: N.V. W.J. Thieme & Cie.
 - VAN RENSBURG, F.I.J. 1964. Skering en inslag. Kaapstad: Tafelberg
 - VORSTER, J. 1976 "Persoonsvormingsherhaling - psigolinguisties benader" Taalfasette 20. Deel 1
 - WAHER, H. 1978. Die probleem van die bereik van die ontkenning met spesiale verwysing na Afrikaans. Ongepubliseerde proefskrif vir D.Phil. Kaapstad: Universiteit van Kaapstad
 - 1991 "Oor grense, kettings en lisensies"
Spil Plus 16. No. 16
 - WATERMAN, J.T. 1963. Perspectives in linguistics. Chicago: The University of Chicago Press
 - WEBB, V. 1978 "Die woord in die fleksiemorfologie"
Taalfasette 23. Deel 2
 - WYBENGA, D.M. 1988. Diskoersanalise en stilistiek. Pretoria: Serva-uitgewers

WOORDEBOEKE EN WOORDELYS

- BOSHOFF, S.P.E. & G.S. NIENABER. 1967. Afrikaanse etimologieë. Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns
- BOSMAN, D.B. e.a. 1969. Tweetalige woordeboek: Afrikaans-Engels, Engels-Afrikaans. Elsiesrivier: Nasionale Handelsdrukkers Bpk.
- CLUVER, A.D. DE V. (red.) 1974. Linguistiek-woordeboek/Linguistics dictionary. Johannesburg: McGraw-Hill
- COMBRINK, J.G.H. & R. McDODDS. 1988. Retrograde woordeboek van Afrikaans. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch
- GROVÉ, A.P. 1982. Letterkundige sakwoordeboek vir Afrikaans. Bygewerkte en uitgebreide vierde uitgawe. Goodwood: Nasou
- KRUYSKAMP, C. Van Dale groot Woordenboek der Nederlandse taal Deel I en II. s'-Gravenhage: Marthinus Nijhoff
- MORRIS, W. (red.) 1973. The heritage illustrated dictionary of the English language. Boston/New York: American Heritage Publishing Co. & Houghton Mifflin Co.
- ODENDAL, F.F. (red.) 1979. Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal. Johannesburg: Perskor
- READER'S DIGEST 1987 English - Afrikaans Dictionary. Afrikaans - Engelse Woordeboek. Kaapstad: Reader's Digest

-
- SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS. 1991. Afrikaanse woordelys en spelreëls. Kaapstad: Tafelberg
- TERBLANCHE, H.J. & J.J. ODENDAAL. 1966. Afrikaanse woordeboek - verklarend met woordaflerings. Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel
- TER LAAN, K. Nederlandse spreekwoorden/spreuken en zegswijzen. Twintigste druk. MCMLXXXVI. Elsevier
- VAN WIJK, N. 1984. Frank's etymologisch woordenboek der Nederlandse taal. Tweede druk. Leiden: Marthinus Nijhoff
- VERDAM, J. (bework) 1976. Middelnederlandsch handwoordenboek. 's-Gravenhage: Marthinus Nijhoff
- WOORDEBOEK VAN DIE AFRIKAANSE TAAL, DEEL I - VI. Pretoria: Staatsdrukker

LITERêRE BRONNE

BARNARD, C. 1986. "Meelsakfilosowe" Rapport, 1 Junie 1986

BIRO, V. 1980. Vonkie

BRITSE EN BUITELANDSE BYBELGENOOTSKAP. 1956. Die Bybel.

DE WILZEM, E. 1982. Die gierige bedelaar. Pretoria:
Daan Retief

KINCAID, L. - Krimpvarkie se boom wat kan praat
(vertaling) Kaapstad: Centaur

- 1980 Verrassings op Bosdal
(vertaling) Kaapstad: Human en
Rousseau

LOUW, N.P. VAN WYK 1981 "Groot ode" Versamelde gedigte van
N.P. van Wyk Louw Kaapstad: Tafelberg
en Human en Rousseau

NIENABER, P.J. 1975 Eerste sooie. Johannesburg: Perskor-
uitgewery